


OPERASIONELE HANDLEIDING
vir
KONTRAK NATUURRESERVATE
in die
CEDERBERG BEWAREA

**FOOTPRINT
ENVIRONMENTAL
SERVICES**

*Biodiversity &
Environmental
Management
Consultancy*



Opgestel Desember 2008 deur:

FOOTPRINT Environmental Services

Ons spesialiseer in: Bewaringsbeplanning, bestuur en implementering en ondersteuning terwyl daar gefokus word op praktiese benaderings. Ons is die een stop dienssentrum vir u omgewing- en ontwikkelingsbestuur behoeftes.

OPSOMMING

Die doel van die dokument is op praktiese operasionele bestuursriglyne daar te stel vir die kontrakreservate en ander eiendomme binne die Cederberg Bewarea. Die Cederberg Bewarea sluit 22 eiendomme in privaatbesit en twee formele bewaringsgebiede in, waaronder die Cederberg Wildernis, 'n Wêreld erfenisgebied.

In 2005, het CapeNature begin om die Groter Cederberg Biodiversiteit Korridor (GCBK) in die Groter Cederberg kompleks te vestig. Dit was een van die drie landskap bewaring inisiatiewe wat deur die "Cape Action Plan for People and the Environment" in die Fynbosbiom, geïdentifiseer was en implementering het in 2006 begin. Die Cederberg Bewarea is een van die kern korridors van die GCBK.

Deur meganismes van die CapeNature se Voogdyskap program te gebruik is daar gepoog om die twee formele bewaringsgebiede (Cederberg Wildernis en Matjiesrivier Natuurreservaat) met mekaar te verbind en om 'n formele bewaringsnetwerk in die Sukkulente Karoo te vestig. Die netwerk sluit ook die belangrike oorgang sone tussen die Fynbos en Sukkulente Karoo Biome in.

Sedertdien is daar verskeie kontrak natuurreservate gestig en die operasionele handleiding fokus daarop om vir die grondeienaars te help om alle wetgewing te verstaan, bied praktiese oplossings vir bestuurprobleme en -vraagstukke. Die handleiding sal dus 'n kardinale bydrae te lewer om bestuur op die kontrakreservate te verbeter maar poog ook om die eienaar in te lig oor ander hulpbronne en denkwyses wat bestaan en aangewend kan word om bestuur te verbeter.